# Byvoeging tot planbeskrywing

# Beleggingswaarborg

## Waarborgtipe: B

### Hoe werk die beleggingswaarborg?

Vir 'n beleggingsfonds wat 'n beleggingswaarborg bied, word die fondswaarde gewaarborg om nie minder as die gewaarborgde bedrag van daardie beleggingsfonds, soos vir 'n spesifieke plan bereken, te wees nie. Die gewaarborgde bedrag van 'n beleggingsfonds is gelyk aan die eenmalige betaling toegedeel aan daardie beleggingsfonds, elke jaar opgehoop teen die gewaarborgde koers vir die beleggingsfonds.

Die beleggingswaarborg geld slegs op die vroegste van die beleggingswaarborgdatum en die datum waarop ons kennis ontvang van die dood van die versekerde lewe. As die fondswaarde van 'n beleggingsfonds dan minder is as die gewaarborgde bedrag van daardie beleggingsfonds, sal ons meer eenhede by daardie beleggingsfonds voeg, om sodoende die vereiste waarde te gee.

As die fondswaarde as gevolg van 'n wysiging verminder word, sal die gewaarborgde bedrag van 'n beleggingsfonds dienooreenkomstig verminder word. Vir onttrekkings wat gemaak word om 'n tussenganger vir deurlopende beleggingsadvies te betaal, indien van toepassing, sal die gewaarborgde bedrag egter nie verminder word nie.

### Sal daar verdere beleggingswaarborge na die beleggingswaarborgdatum wees?

As die beleggingswaarborgdatum voor die opsiedatum is en ons steeds hierdie beleggingswaarborg vir nuwe polisse op daardie tydstip aanbied, sal die beleggingswaarborg voortgaan na die beleggingswaarborgdatum. Ons sal dan die nuwe beleggingswaarborgdatum bepaal. Tans, as die opsiedatum minder as 15 jaar na die beleggingswaarborgdatum is, sal die nuwe beleggingswaarborgdatum gelyk wees aan die opsiedatum. As die opsiedatum egter 15 jaar of meer na die beleggingswaarborgdatum is, sal die nuwe beleggingswaarborgdatum 10 jaar na die huidige beleggingswaarborgdatum wees.

Ons dui in die staat aan wat die waarborgdatums kan wees.

### Wanneer sal die beleggingswaarborg gekanselleer word?

As die fondswaarde van 'n beleggingsfonds waarvoor 'n beleggingswaarborg gekies is ooit omgeskakel of onttrek word, sal die gewaarborgde bedrag van daardie beleggingsfonds na nul verminder word en die beleggingswaarborg van daardie beleggingsfonds sal gekanselleer word.

---